

**8 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 4**

**Die troon wat altyd vas bly staan**

Wat 'n wonderlike gesig! Die apostel Johannes het hierdie visioene gesien toe hy deur 'n wrede keiser na die eiland Patmos verban was. In Openbaringe word die gebeurtenisse wat tussen die hemelvaart en die wederkoms van Christus plaasvind in sewe maal sewe visioene beskryf. Telkens wanneer die mag van die vyande van God (daar is sewe van hulle) so aggressief raak, kry Johannes hierdie wonderlike troonvisioene. Daar is een en twintig sulke visioene in die boek.

Dit is asof daar elke keer 'n venster oopgaan sodat hy kan ontdek: daar staan 'n troon in die hemel en die troon raak nooit vakant nie. Die heerlijkheid van God word in terme van edelstene beskryf. Sy heiligheid word uit die weerligstrale, dreunings en donderslae duidelik. Die reënboog van smaraggroen vertel van God se genade en sy Gees brand soos sewe fakkels voor sy troon.

Hy regeer oor die hele skepping: die vier lewende wesens – die leeu, die bul, die mens en die arend. Hy regeer ook oor die kerk (24 ouderlinge).

Die hemelinge verkeer in ekstase en sing voortdurend van God se heiligheid en almag. Het jy al daaraan gedink dat daar 'n venster oopgaan elke keer as jy in droefheid verkeer?

Verander dan jou klaaglied in 'n loflied. Die venster staan vandag weer vir jou oop. Kyk, daar staan 'n troon in die hemel en jou God en Vader beskik oor jou lewe.

*Sing: Psalm 93:1-4*

*Dr B Duvenage (Emeritus)*